TITEL: OU OU LIED VAN AFRIKA

KUNSTENAAR: JOHANNES KERKORREL EN DIE GEREFORMEERDE BLUES BAND

KOMPONIS: M. DE JONG

LP. NO: SHIFTY RECORDS SHIB 32

LP TITEL: EET KREEF

---

Ek het lank gewag, die dorp word koud
My patrollie ry môre weg.
Die drade kraak, kafees gaan toe,
die gewere, die jeeps staan reg.

Hoekom staan jy smôrens op jou pa se stoep
hoekom stap jy alleen op straat?
Hoekom gloei jou oë, jou skouers blink
Jy sing in jou deur en dis laat.

Maar vannag gooi ek my geweerband weg
en ek haal my gordel af
as dit donker is, as almal slaap
is ek voor jou deur en ek wag.

Sing die ou ou lied van Afrika
sing dit sag, sing dit lank vir my.
Maak oop jou hart, maak oop jou deur
laat my binnekom, laat my bly.

Blaas uit die kers, draai jou kopdoek los.
Ek het lankal my tent vergeet
Laat ons mond aan mond, en lyf aan lyf
Laat ons vry en vir altyd wees.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

(Herhaal 4x)